

HIERDIE DOKUMENT IS BELANGRIK EN BENODIG U ONMIDDELLIKE AANDAG

Die interpretasies en definisies wat op bladsy 5 van hierdie Prospektus begin, is van toepassing regdeur hierdie Prospektus, insluitend hierdie dekblad (tensy die konteks 'n teenstellende betekenis aandui).

SENWES BEPERK

ISIN NOMMER: ZAEZ00000018

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienuommer 1997/005336/06)

("Senwes")

PROSPEKTUS

Hierdie Prospektus is nie 'n uitnodiging aan die algemene publiek om in te skryf vir Senwes Aandele nie. Hierdie Prospektus is gerig aan geselekteerde lede van die publiek, naamlik die KLK Landbou Aandeelhouders, in afwagting op die uitreiking van die Vergoedingsaandele aan KLK Landbou Aandeelhouders, soos volledig beskryf in die Gesamentlike Omsendbrief en is uitgereik ooreenkomstig die Maatskappywet.

Die definisies en interpretasies vervat op bladsy 5 van hierdie Prospektus, is van toepassing op hierdie bladsy.

Die datum van uitreiking van hierdie Prospektus is 29 Maart 2019.

Die prospektus vervat die belangrikste terme en voorwaardes van die Aanbod wat hierdie Prospektus vergesel. Die Aanbod word gemaak as 'n algemene aanbod aan alle KLK aandeelhouders om al die uitgereikte aandele in KLK te verkry.

Die direkteure van Senwes, gesamentlik en individueel, aanvaar volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting hierin vervat en sertifiseer dat, na die beste van hul kennis en oortuiging, daar geen feite uitgelaat is wat enige verklaring hierin vervat, vals of misleidend sal maak nie, en alle redelike navrae om sodanige feite te staaf, reeds gemaak is en dat die prospektus alle inligting bevat wat wetlik vereis word.

Die onafhanklike eksterne ouditeur, maatskappysekretaris en regsadviseur, wie se name in hierdie Prospektus verskyn, in hulle kapasiteite soos aangedui, het skriftelik toegestem dat hul name in hierdie Prospektus ingesluit word. Geen party het enige sodanige toestemming onttrek voor die publikasie van hierdie Prospektus nie.

Senwes aanvaar volle verantwoordelikheid vir die inligting wat in hierdie Prospektus vervat is, behalwe waar andersins aangedui word.

'n Engelse afskrif van hierdie Prospektus, vergesel van die dokumente waarna verwys word onder "Dokumente beskikbaar vir inspeksie", soos uiteengesit in afdeling 4 hiervan, is deur die CIPC geregistreer op 25 Maart 2019, ooreenkomstig artikel 99(8) van die Maatskappywet.

Die Afrikaanse weergawe van hierdie Prospektus, sowel as die Gesamentlike Omsendbrief, is aan KLK Aandeelhouders geos. Die Engelse weergawe van hierdie Prospektus is beskikbaar op versoek. Afskrifte van die Omsendbrief kan van die Maatskappysekretaris van Senwes bekom word by die adres soos uiteengesit in die afdeling "Korporatiewe Inligting" hieronder.

Datum van uitreiking: 29 Maart 2019

SENWES BEPERK

KORPORATIEWE INLIGTING

Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor van Senwes / Oordragsekreteraris

EM Joynt
Senwes Beperk
Charel de Klerkstraat 1
KLERKSDORP
2570
Suid-Afrika

Tel nr: +27 (018) 464 7104

Prokureurs:

Cliffe Dekker Hofmeyr Ingelyf [Regulasie 58]

(Registrasienommer 2008/018923/21)
Protea Place 1
SANDOWN
2196
Suid-Afrika

(Privaatsak X40, Benmore, 2010)

Onafhanklike Eksterne Ouditeure [Regulasie 58]

Ernst & Young Ingelyf
(Registrasienommer: 2005/002308/21)
Rivoniaweg 102
SANDTON
2196
Suid-Afrika

(Privaatsak X14, Sandton, 2146)

Computershare Suid-Afrika

(Registrasienommer: 2000/006082/07)
Rosebank Towers
Biermannlaan 15
ROSEBANK
2196
Suid-Afrika

(Posbus 61051 , Marshalltown, 2107)
Tel nr. +27 (011) 370 5000

Strate (Edms) Bpk

(Registrasienommer: 1998/022242/07)
1ste Vloer
Frickerweg 9
Illovo Boulevard
Illovo
SANDTON
2196
Suid-Afrika

Tel nr. +27 (011) 759 5300

Die gelisensieerde beurs:

ZAR X (Edms) Beperk
(Registrasienommer 2015/089692/07/
Eerste Vloer
Jindal Africa Gebou
Kildoonweg 22
Bryanston
JOHANNESBURG
2021
Suid-Afrika

Tel Nr: +27 (0) 10 442 5500

Bankiers:

ABSA Korporatiewe en Beleggingsbank
Landbou dekking
Absa Capital Noordelike gebou
Alice Laan 15
SANDTON
2146
Suid Afrika

Tel no.: +27 (018) 468 9600

INHOUDSOPGAWE

Korporatiewe Inligting.....	2
Definisies en Interpretasies.....	5
Afdeling 1: Senwes inligting [Regulasie 56]	9
1 Naam, adres en inkorporasie [Regulasie 57 (1)].....	Error! Bookmark not defined.
2 Direkteure, ander beamptes of belangrike derde partye [Regulasie 58].....	10
3 Geskiedenis, status en vooruitsigte van Senwesbel en Senwes [Regulasie 59]	16
4 Senwes Aandelekapitaal [Regulasie 60]	21
5 Opsies of voorkeurregte ten opsigte van aandele [Regulasie 61].....	23
6 Kommissie betaal of betaalbaar ten opsigte van onderskrywing [Regulasie 62]	23
7 Belangrike Kontrakte [Regulasie 63]	23
8 Belange van Senwes Direkteure soos op 30 April 2018 [Regulasie 64]	23
9 Lenings en befondsing [Regulasie 65]	23
10 Aandele uitgereik anders as vir kontant [Regulasie 66]	23
11 Eiendom verkry of wat verkry sal word [Regulasie 67].....	23
12 Bedrae betaal of betaalbaar aan stigters [Regulasie 68]	23
13 Voorlopige uitgawes en uitreikingsuitgawes [Regulasie 69]	24
Afdeling 2: Inligting oor die sekuriteite aangebied [Regulasie 56]	25
1 Doel van die Aanbod [Regulasie 70]	25
2 Besonderhede van die Aanbod [Regulasie 72]	25
3 Opskortende voorwaarde	25
4 Tyd en datum van die opening en sluiting van die Aanbod [Regulasie 71]	26
5 Minimum Inskrywing [Regulasie 73].....	26
Afdeling 3: State en Verslae met betrekking tot die Aanbod [Regulasie 56].....	27
1 Kapitaaltoereikendheid [Regulasie 74]	27
2 Belangrike wysigings [Regulasie 75].....	27
3 Notering van die Gewone Aandele [Regulasie 76].....	27
4 Verslag deur die Ouditeur van die Maatskappy [Regulasie 79]	27
Afdeling 4: Addisionele belangrike inligting [Regulasie 56]	28
Afdeling 5: Ontoepaslike of Onbelangrike sake [Regulasie 56]	29
Afdeling 6: Wesentlike risiko's vir die Senwes Groep.....	30
Bylaes	
Bylae 1: Toestemmingsbriewe deur prokureurs, ouditeure en korporatiewe adviseurs [Artikel 102(2)]	32
Bylae 2: Finansiële inligting soos vereis in regulasie 79 van die wet vir Senwes [Regulasie 59(3)(g); Regulasie 79]	35
Bylae 2.1 Verslag van die ouditeur in terme van regulasie 79 van die wet vir Senwes [Regulasie 59(3)(g); Regulasie 79]	36
Bylae 3: Gekonsolideerde Geouditeerde Jaarlikse Finansiële State vir die Finansiële Jare Geëindig 2016, 2017 en 2018 [Regulasie 59(3)(G); Regulasie 79]	37
Bylae 3.1 Opgesomde uittreksels uit die ongeouditeerde interim finansiële state van Senwes vir die 3 (drie) 6 (ses) maande periodes geëindig 31 Oktober 2016, 31 Oktober 2017 en 31 Oktober 2018	44
Bylae 4: Getekende volmagte	51

BELANGRIKE INLIGTING

HIERDIE PROSPEKTUS IS SLEGS AAN KLK AANDEELHOUERS GERIG

Hierdie Prospektus is slegs aan persone in Suid-Afrika gerig en behels nie 'n aanbod vir aandele in enige jurisdiksie in enige gebied anders as in Suid-Afrika nie.

VOORUITSKOUINGSVERKLARINGS

Sommige stellings in hierdie Prospektus is vooruitskouend van aard en kan risiko's en onsekerhede insluit. Dit kan stellings insluit soos, maar is nie beperk tot die volgende nie: "mag", "sal", "verwag", "van voorneme wees", "beplan", "skat" en "glo". Dit sluit stellings in met betrekking tot, *inter alia*, die toekomstige finansiële posisie, vooruitsigte, markgroei, geprojekteerde koste, skattings met betrekking tot kapitaalspanderings en planne en doelwitte van bestuur met betrekking tot die toekoms van Senwes. Die werklike prestasie kan wesenlik verskil van hierdie vooruitskouingsverklarings.

Moet asseblief nie op hierdie vooruitskouingsverklarings steun nie. Tensy die Senwes Direksie wetlik verplig word om hierdie vooruitskouingsverklarings op te dateer, sal hulle dit nie opdateer na die uitreikingsdatum van hierdie Prospektus met die werklike resultate of ten opsigte van veranderinge in hul verwagtinge of projeksies of andersins nie. Geen van die vooruitskattings is deur die Onafhanklike Eksterne Ouditeure hersien of op verslag gedoen nie.

PROSPEKTUS VOLDOEN AAN DIE MAATSKAPPYWET

Hierdie Prospektus voldoen aan artikels 100, 102 tot 110 en Hoofstuk 4, Afdeling C van die Regulasies tot die Maatskappywet. Die nommer van elke toepaslike paragraaf in Hoofstuk 4, Afdeling C van die Regulasies tot die Maatskappywet word in vierkantige hakies na die toepaslike opskrifte of sub-opskrifte aangedui.

VERKRYGING VAN AFSKRIFTE VAN HIERDIE PROSPEKTUS

Afskrifte van hierdie Prospektus kan gedurende normale besigheidsure vanaf 08:00 tot 16:00 vanaf Maandae tot Vrydae verkry word.

Indien u enige verduideliking van die inhoud van die Prospektus nodig, kan u die Aangestelde Adviseur by tel. no. 018 464 7104 skakel.

U word aangeraai om professionele advies te bekom met betrekking tot die Voorgestelde Transaksie ten einde die belastingverpligtinge en ander regsimplikasies van die Senwes Aandele wat u ontvang, hou en in die toekoms mag verkoop ten volle te begryp.

TOESTEMMINGS [Afdeling 102 van die Maatskappywet en Regulasie 53(d)]

Elkeen van die prokureurs en Onafhanklike Eksterne Ouditeure van Senwes het skriftelik toegestem tot die insluiting van hul name en, waar toepaslik, hul verslae, in die vorm en konteks waarin dit verskyn, en het nie sodanige toestemming voor die uitreiking van hierdie Prospektus onttrek nie.

REGISTRASIE VAN DIE PROSPEKTUS [Artikel 99(8) van die Maatskappywet]

'n Engelse afskrif van hierdie Prospektus is geregistreer ooreenkomstig artikel 99(8) van die Maatskappywet op 25 Maart 2019 tesame met –

1. die skriftelike toestemmings deur die prokureurs, adviseurs en ouditeure van Senwes om op te tree in die kapasiteit soos aangedui en tot die insluiting van hul name in hierdie Prospektus, welke toestemmings nie voor die registrasie onttrek is nie; en
2. die geskrewe toestemming van die ouditeure tot die insluiting van hulle verslag in die formaat en konteks waarin dit in hierdie Prospektus verskyn, is nie voor registrasie onttrek nie.

Notas:

Die datums en tye waarna in hierdie Prospektus verwys word, is onderworpe aan verandering. Enige sodanige veranderinge sal in die media gepubliseer word.

Alle datums en tye waarna in hierdie dokument verwys word, is Suid-Afrikaanse datums en tye.

DEFINISIES EN INTERPRETASIES

In hierdie Prospektus, tensy dit duidelik anders aangedui word, sal verwysings na die enkelvoud die veelvoud, en *vice versa*, aandui, woorde wat een geslag aandui sal die ander geslag insluit. Uitdrukkings wat natuurlike persone of verenigings van persone aandui en *vice versa* en die woorde in die eerste kolom sal dieselfde betekenis hê soos daarteenoor aangedui in die tweede kolom, soos volg:

"Aanbieders"	beteken Senwes en Senwesbel, ook na verwys as die "Senwes Groep";
"Aanbod"	beteken die algemene Aanbod deur die Aanbieders om 100% van die uitge-reikte KLK Aandele vanaf KLK Aandeelhouders te bekom;
"Aandeesertifikaat"	beteken die oorspronklike KLK aandeesertifikaat wat die aantal aandele aan-dui wat gehou word deur 'n KLK Aandeelhouer en wat die Aanvaardingsvorm moet vergesel;
"Aangestelde Adviseur"	beteken die Maatskappysekretaris van Senwes, as sodanig aangestel om voldoening aan die Noteringsvereistes van ZAR X te verseker, soos bepaal in paragraaf 13 van die ZAR X Noteringsvereistes;
"Aankondiging"	beteken die volledige aankondiging gepubliseer deur Senwes en Senwesbel op 21 Desember 2018 met betrekking tot die Potensiële Transaksie;
"Aanvaardingsvorm"	beteken die Aanvaardingsvorm en oorhandiging van die aandeesertifikate deur 'n KLK Aandeelhouer wat die keuse uitoefen om die Aanbod te aanvaar wat deel vorm van die Omsendbrief en wat voltooi moet word en aan die Sekretaris voorsien moet word voor die Sluitingsdatum;
"Algemene Monetêre Area"	Beteken Suid Afrika, Namibië, Lesotho en Swaziland as een monêtere gebied;
"AVO"	beteken Akte van Oprigting;
"Belasting"	beteken, tensy die konteks die teenoorgestelde aandui, enige belasting, insluitend inkomstebelasting, kapitaalwinstbelasting, steeksdiensteraadheffings, vaardigheidsontwikkelingsheffings, werknemerbelasting, werkloosheids-versekeringfonds heffings, vergoeding vir bedryfsbeserings- en bedryfsiekte-heffings, sekondêre belasting op maatskappye, dividendbelasting, BTW en enige wet geadministreer deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of enige ander owerheid gemagtig om belasting in Suid-Afrika of enige ander gebied met jurisdiksie oor 'n Party of sy besigheid te administreer;
"Besigheidsdag"	beteken enige dag behalwe enige Saterdag, Sondag, of enige dag wat 'n publieke vakansiedag in Suid-Afrika is of enige dag as sodanig afgekondig;
"Beurs"	beteken ZAR X, die gelisensieerde beurs ooreenkomstig die FMA, waarop die Senwes en Senwesbel aandele genoteer is en verhandel word;
"BTW"	beteken belasting op toegevoegde waarde gehef ooreenkomstig die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, Wet 89 van 1991;
"CIPC"	beteken die Kommissie vir Maatskappy en Intellektuele Eiendom;
"Computershare"	beteken die CSDP aangestel deur Senwes en Senwesbel om toesig- en administratiewe dienste te lewer ooreenkomstig die FMA vir Gedemateriali-seerde aandele;
"CSD"	beteken STRATE (Edms) Beperk, die Sentrale Sekuriteitebewaringstelsel (Central Securities Depository) wat aangewys is om die infrastruktuur te

	verskaf vir die bewaring van ongesertifiseerde sekuriteite en welke infrastruktuur die klarings- en betalingsdienste sal verskaf vir die verhandeling van die Senwes Groep aandele wat op ZAR X verhandel word;
"FMA"	beteken die Wet op Finansiële Markte, nr. 19 van 2012, soos gewysig;
"Gedematerialiseerde aandele"	beteken aandele ten opsigte waarvan daar nie 'n sertifikaat of geskrewe instrument bestaan nie en wat oorgedra word by wyse van 'n inskrywing sonder 'n geskrewe instrument ooreenkomstig die bepalings van die Senwes Groep se Aktes van Oprigting en die FMA;
"Goedkeurings"	beteken enige en alle regulatoriese goedkeurings, toestemmings, afstanddoenings, vergunnings, bevel of vrystelling wat nodig is of vereis word ten einde die Aanbod te implementeer in terme van enige toepaslike wet, insluitend goedkeuring deur die Mededingingsowerhede;
"Groep"	beteken ten opsigte van (i) KLK, KLK tesame met sy filiale en enige van hul onderskeie geïnkorporeerde of nie-geïnkorporeerde gesamentlike ondernemings en hul assosiate, ooreenkomstig die Wet soos, maar nie beperk tot, SA Dorpers (Edms) Beperk en Carpe Diem Raisings (Pty) Limited; en (ii) Senwes en Senwesbel tesame met hul filiale en enige van hul onderskeie geïnkorporeerde of nie-geïnkorporeerde gesamentlike ondernemings;
"Implementeringsdatum"	beteken die datum waarop die Potensiële Transaksie geïmplementeer sal word, naamlik die 6de (sesde) Besigheidsdag na die dag waarop die laaste opskortende voorwaarde nagekom of van afstand gedoen is, soos wat die geval ook al mag wees;
"KLK"	beteken KLK Landbou (Eiendoms) Beperk, registrasienommer 1997/015589/06, 'n publieke maatskappy as sodanig geregistreer en geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
"KLK Aandeelhouer"	beteken 'n geregistreerde houer van KLK Aandele, soos aangedui in die KLK aandeleregister;
"KLK Aandele"	beteken gewone aandele sonder pariwaarde in die aandelekapitaal van KLK;
"Kontantaanbod"	beteken die Kontant Koopprijs betaalbaar aan KLK Aandeelhouers vir die KLK aandele gekoop in terme van hierdie Aanbod, in die bedrag van R19,50 per KLK Aandeel op die Implementeringsdatum;
"Koopprijs"	beteken betaling vir die KLK aandele aan KLK aandeelhouers, wat die Aanbod aanvaar, in kontant en/of met Vergoedingsaandele;
"Kwalifiserende Persoon"	beteken 'n persoon wat voldoen aan die kwalifiseringskriteria soos uiteengesit in die Senwesbel AVO ten einde Senwesbel Aandele te hou, welke kwalifiseringskriteria hieronder gedefinieer word;
"Kwalifiseringskriteria"	beteken 'n Kwalifiserende Persoon soos bepaal in artikel 40.2 van die Senwesbel AVO, 'n natuurlike of regspersoon met <i>bona fide</i> -boerdery as sy hoof besigheidsaktiwiteit of sy hoofbron van inkomste, en 'n erfgenaam van sodanige Kwalifiserende Persoon wat aandele in Senwesbel hou en waarvan 'n uittreksel van sodanige artikel in aanhangsel 8 van die Omsendbrief vervat is;
"Laaste Praktiese Datum"	beteken 25 Maart 2019, synde die laaste praktiese datum voor afhandeling van die Omsendbrief;
"Liassering" of "Liasseer"	het die betekenis soos toegedig aan " <i>liasseer</i> " in die Wet;

"Mededingingsowerhede"	beteken die kommissie daargestel ooreenkomstig Hoofstuk 4, Deel A van die Wet op Mededinging of die tribunaal daargestel ooreenkomstige Hoofstuk 4, Deel B van die Wet op Mededinging, of die appèlhof daargestel ooreenkomstig Hoofstuk 4, Deel C van die Wet op Mededinging, welke ook al van toepassing mag wees;
"Mededingingswet"	beteken Wet op Mededinging nr. 89 van 1998, soos gewysig;
"Noteringsvereistes"	beteken die ZAR X Noteringsvereistes;
"Omsendbrief"	beteken die Gesamentlike Omsendbrief aan KKK Aandeelhouders gedateer 25 Maart 2019 waarby die Prospektus, die Aanvaardingsvorm en die aansoek-vorm vir Senwesbel Kwalifiserende persone geïnkorporeer is;
"Onafhanklike Raad"	beteken die KKK Direkteure wat deur KKK as onafhanklike direkteure aangedui is ooreenkomstig die Oornameregulasies;
"Onafhanklike Deskundige"	beteken die onafhanklike deskundige soos aangedui in die Korporatiewe Inligtingsgedeelte in die Omsendbrief;
"Ontvangers van Aanbod"	beteken die KKK Aandeelhouders aan wie die Aanbod gemaak is, soos vervat in die Omsendbrief;
"Oordragsekretaris"	beteken die Maatskappysekretaris van Senwes;
"Oornamepaneel" of "ORP"	Oornamereguleringspaneel, daargestel in terme van artikel 196 van die Wet;
"Oornameregulasies"	die "Oornameregulasies", soos uiteengesit in Hoofstuk 5 van die Regulasies;
"Opskortende Voorwaarde"	beteken die opskortende voorwaarde soos uiteengesit op bladsy 23 van die Omsendbrief;
"Openingdatum"	beteken die openingsdatum ten opsigte van die Aanbod, om 10:00 op die dag na die pos van die Omsendbrief aan KKK Aandeelhouders;
"Potensiële Transaksie"	beteken die Potensiële Transaksie in terme waarvan Senwes en/of Senwesbel KKK Aandeel van KKK Aandeelhouders sal bekom teen: (i) betaling van die Kontant Koopprys en/of (ii) die uitreiking van die Vergoedingsaandeel deur Senwes en/of Senwesbel aan KKK Aandeelhouders;
"Prospektus"	beteken die prospektusse uitgereik of uitgereik te word deur Senwes en Senwesbel ooreenkomstig die Wet en Regulasies en geregistreer by die CIPC en aan KKK Aandeelhouders voorsien, met die doel om inligting met betrekking tot Senwes en Senwesbel aan die KKK Aandeelhouders te voorsien;
"R" of "Rand"	beteken Suid-Afrikaanse rand, die amptelike betalingseenheid van Suid-Afrika;
"Regulasies"	beteken die Maatskappyregulasies, 2011, gepubliseer in terme van artikel 223 van die Wet;
"Rekorddatum"	beteken 29 Maart 2019;
"Sekretaris"	beteken die maatskappysekretaris van Senwes;
"Sekuriteite-oordragbelasting"	beteken Sekuriteite-oordragbelasting soos voorsien in die Wet op die Sekuriteite-oordragbelasting Nr. 25 van 2007, tesame met die Wet op Sekuriteite-oordragbelasting, Nr. 26 van 2007, wat 0.25% van die waarde van die totale bedrag betaalbaar aan 'n KKK Aandeelhouer behoort en wat betaalbaar is deur die Aanbieders, indien van toepassing;

"Senwes"	beteken Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06, 'n publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, as sodanig geregistreer en geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
"Senwes Aandele"	beteken gewone aandele in die aandeelkapitaal van Senwes met 'n pariwaarde van R0,005162473 (nul komma nul nul vyf een ses twee vier sewe drie rand) elk;
"Senwes Direksie" of "Senwes Direkteure"	beteken die raad van direkteure van Senwes, soos in Afdeling 1 van die Prospektus uiteengesit;
"Senwes Groep Ouditeure" of "EY" of "Onafhanklike Eksterne Ouditeure"	beteken Ernst & Young Ingelyf, registrasienommer 2005/002308/21, 'n maatskappy behoorlik geïnkorporeer en geregistreer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
Senwes Vergoedingsaandele	beteken 1.5 (een punt vyf) Senwes Aandele aangebied vir elke 1 (een) KLK Aandeel wat uitgereik en toegeken sal word aan KLK Aandeelhouders wat die Aanbod aanvaar het;
"Senwesbel"	beteken Senwesbel Beperk, registrasienommer 1996/017629/06, 'n publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, as sodanige geregistreer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
"Senwesbel Aandele"	beteken gewone aandele sonder pariwaarde in die aandeelkapitaal van Senwesbel;
"Senwesbel AVO"	beteken die AVO van Senwesbel;
"Senwesbel Direksie" of "Senwesbel Direkteure"	beteken die raad van direkteure van Senwesbel, wat op die Laaste Praktiese Datum bestaan uit die persone wie se name op bladsy 3 van die Omsendbrief verskyn;
"Senwesbel Vergoedingsaandele"	beteken 2 (twee) Senwesbel aandele aangebied vir elke 1 (een) KLK Aandeel wat uitgereik en toegeken sal word aan KLK Aandeelhouders wat die Aanbod aanvaar het;
"Sertifikaatloos"	beteken Gedematerialiseerde aandele;
"Sertifikaatlose Sekuriteite"	beteken Gedematerialiseerde aandele soos bepaal in die FMA;
"Sluitingsdatum"	beteken 12:00 op 16 Mei 2019;
"Suid-Afrika"	beteken die Republiek van Suid-Afrika;
"Vaste Voorneme Aanbod"	beteken die brief van vaste voorneme om 'n aanbod te maak deur Senwes en Senwesbel aan die direksie van KLK ooreenkomstig Regulasie 99, in terme waarvan die direksie van KLK ingelig word oor die voorneme van die Senwes Groep om die Aanbod te maak;
"Vergoedingsaandele"	beteken Senwes en/of Senwesbel Aandele, of enige kombinasie daarvan, wat uitgereik sal word aan KLK Aandeelhouders wat die keuse uitoefen om aandele op te neem in Senwes of Senwesbel, of beide, soos voorsien in die Omsendbrief, insluitend sodanige gedeeltes van aandele uitgereik per KLK aandeel, wat afgerond sal word tot die naaste vol getal Vergoedingsaandele;
"Wet"	beteken Maatskappywet nr. 71 van 2008, soos gewysig;
"ZAPS"	beteken die ZAR X publikasiediens wat nuus oor die Senwes groep aan aandeelhouders kommunikeer.

AFDELING 1: OOR SENWES [REGULASIE 56]

1 NAAM, ADRES EN INKORPORASIE [REGULASIE 57 (1)]

1.1 Naam en Registrasienommer [Regulasie 57(1)(a)]

Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06.

1.2 Adres [Regulasie 57(1)(b)]

1.2.1 Geregistreeerde kantoor - Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570.

1.2.2 Adres van Senwes oordragsekretaris - Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570.

1.3 Datum van Inkorporasie [Regulasie 57(1)(c)]

10 April 1997.

1.4 Naam, datum en plek van inkorporasie van filiaal [Regulasie 57(3)(b)]

1.4.1 Senwesbel is 'n houermaatskappy en sy enigste filiaal is Senwes Beperk.

1.4.2 Senwes Beperk is 'n publieke maatskappy, geïnkorporeer in Suid-Afrika op 10 April 1997. Sy geregistreeerde adres is Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570. Senwesbel is die houermaatskappy van Senwes en sy meerderheidsaandeelhouer.

1.4.3 Filiale: Die volgende filiale is in Suid-Afrika ingelyf met sy geregistreeerde adres ook by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570:

Naam van filiaal	Registrasie nommer	Datum van inkorporasie
Senwes Capital (Pty) Limited	1993/005647/07	27 September 1993
Senwes Graanmakelaars (Pty) Limited	2001/013661/07	29 June 2001
Staalmeester Agricultural Equipment (Pty) Limited	2012/179460/07	3 Oktober 2012
Pricepro (Pty) Limited	2014/129219/07	8 Julie 2014
Tradevantage Grain (Pty) Limited	2012/179365/07	3 Oktober 2012
Senwes Agrowth (Pty) Limited	2012/179673/07	3 Oktober 2012
JD Implemente (Pty) Limited	2011/101342/07	3 August 2011

Die volgende filiaal is opgeneem met sy geregistreeerde adres in Mauritius en is in die proses van finale deregistrasie:

Senwes Mauritius Ltd	109424	24 April 2012
----------------------	--------	---------------

2 DIREKTEURE, ANDER BEAMPTES OF BELANGRIKE DERDE PARTYE [REGULASIE 58]

2.1 Huidige Direkteure en Voorgestelde Direkteure

Die Raad van direkteure van Senwes bestaan uit 12 (twaalf) direkteure, verkies deur die Aandeelhouders ooreenkomstig die Akte van Oprigting en is onderworpe aan uittrede by wyse van rotasie. Almal is Suid-Afrikaanse burgers. Die direkteure is verteenwoordigers van die aandeelhouders. Onafhanklike nie-uitvoerende direkteure en uitvoerende direkteure word hieronder aangedui:

Aandeelhouer:	Aantal direksielede
Senwesbel Bpk	6
Grindrod	1

Tesame met:

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteure	3
Uitvoerende direkteure	2

JDM (Danie) Minnaar (VOORSITTER)

Volle name en Van:	Jan Daniël Marquard Minnaar
Besigheidsadres:	Springboklaagte, Posbus 7165, Kroonpark, 9502
Geboortedatum en Ouderdom:	30 Januarie 1965 (54)
Diensjare:	Direkteur sedert September 1999
Kwalifikasies:	B.Com
Beroep/Posisie:	Mnr Minnaar boer in die Kroonstad distrik sedert 1988 en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is die voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou Jongboer-komitee en was betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex. Hy is ook 'n direkteur en voorsitter van Senwes en 'n lid van die Nominasiekomitee (voorsitter) en die Beleggingskomitee van Senwes.
Kontakbesonderhede:	Selfoon nr: 082 411 9979 e-pos: danie@compuking.co.za

SF (Steve) BOOYSEN (ONDERVOORSITTER EN LEIDENDE ONAFHANKLIKE DIREKTEUR)

Volle name en Van:	Stefanes Francois Booysen
Besigheidsadres:	Posbus 104, Cornwall Hill, 0178
Geboortedatum en Ouderdom:	17 Junie 1962 (57)
Diensjare:	Direkteur sedert Oktober 2010
Kwalifikasies:	B. Compt (Hons) (Rek), D. Com, GR (SA)
Beroep/Posisie:	Dr Booysen is die voormalige Groep Hoof Uitvoerende Beampte van die Absa Group. Hy is die voorsitter van die Oudit- en Beleggingskomitee en lid van die Nominasie en Vergoedingskomitees.
Kontakbesonderhede:	Sel nr: 082 453 5517 e-pos: stevebooysen@telkomsa.net

JBH (James) BOTHA

Volle name en Van: James Barry Hertzog Botha
Besigheidsadres: Segootsanestraat 12, Tuscany Ridge, Potchefstroom, 2531
Geboortedatum en Ouderdom: 26 September 1969 (50)
Diensjare: Direkteur sedert Oktober 2009
Kwalifikasies: B.LC.LLB en HDip (Belasting)
Beroep/Posisie: Mnr Botha praktiseer as kommersiële en korporatiewe prokureur vir 15 jaar voordat hy die korporatiewe wêreld betree. Hy is 'n senior regsadviseur by die Institusionele Kantoor van die Noordwes Universiteit en voorsitter van die Sosiale en Etiese Komitee.
Kontakbesonderhede: Sel nr: 071 681 7904
e-pos: james.botha@nwu.ac.za

AJ (Dries) KRUGER

Volle name en Van: Andries Jacobus Kruger
Besigheidsadres: Posbus 206, Kroonstad, 9500
Geboortedatum en Ouderdom: 1 Junie 1951 (68)
Diensjare: Direkteur sedert Oktober 2007
Kwalifikasies: B.Compt (Hons), GR (SA)
Beroep/Posisie: Mnr Kruger is 'n geregistreerde ouditeur en rekenmeester wat sedert 1976 in Kroonstad praktiseer. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en 'n lid van die Oudit-, Beleggings- en Nominasiekomitee van Senwes.
Kontakbesonderhede: Sel nr: 083 443 8053
e-pos: dries@smitkruger.co.za

CF (Corne) KRUGER (GROEP HOOF FINANSIËLE BEAMPTE)

Volle name en Van: Cornelius Francois Kruger
Besigheidsadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Geboortedatum en Ouderdom: 18 Januarie 1973 (46)
Diensjare: Sedert 26 Augustus 2010
Kwalifikasies: B. Com (Hons), GR (SA)
Beroep/Posisie: Corné het 19 jaar ondervinding in verskeie segmente van die besigheid. Hy is die HFB vir die afgelope 9 jaar en verseker dat besigheidsbesluite gebaseer word op gesonde finansiële kriteria en verskaf insig en analise om die HUB en ander senior bestuurders te ondersteun. Corné lei ook belangrike finansiële inisiatiewe wat die oorhoofse strategiese doelwitte en uitvoerende strategieë soos gestel deur die HUB, ondersteun.
Kontakbesonderhede: Sel nr: 083 308 7371
e-pos: corne.kruger@senwes.co.za

NDP (Nico) LIEBENBERG

Volle name en Van: Nico Daniël Pieter Liebenberg
Besigheidsadres: Fraaiuitzicht, Posbus 413, Bothaville, 9660
Geboortedatum en Ouderdom: 5 Desember 1968 (50)
Diensjare: Direkteur sedert Augustus 2008
Kwalifikasies: B.Com (Hons) M. Volhoubare Landbou
Beroep/Posisie: Mnr Liebenberg boer sedert 1991 in die Bothaville distrik. Hy het 'n gediversifiseerde boerderyeenheid gevestig en is, *inter alia*, een van die verskaffers van groente aan 'n bekende kleinhandelsgroep. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en lid van die Vergoedingskomitee (voorsitter), Risiko- en Oudit-komitee van Senwes.
Kontakbesonderhede: Sel nr: 073 167 3352
e-pos: nico@greenpak.co.za

JJ (Jaco) MINNAAR

Volle name en Van: Jacobus Johannes Minnaar
Besigheidsadres: Botesrust, Posbus 322, Hennenman, 9445
Geboortedatum en Ouderdom: 2 September 1976 (42)
Diensjare: Direkteur sedert Augustus 2011
Kwalifikasies: B.Ing. Landbou (UP) 1998
Beroep/Posisie: Mnr Minnaar is betrokke by verskeie georganiseerde landboubeheerstrukture sedert 2000, wat insluit verskeie Agri SA beleidskomitees. Hy is 'n lid van die Uitvoerende Komitee van Vrystaat Landbou sedert 2004 en deel van die Graan SA bestuurspan vir die afgelope vier jaar. Hy is tans die voorsitter van die Uitvoerende Komitee van Graan SA. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en lid van die Vergoedings- en Risiko-komitees van Senwes.
Kontakbesonderhede: Sel nr: 083 626 7000
e-pos: jaco@compuking.co.za

SM (Simon) MOHAPI

Volle name en Van: Simon Moeketsi Mohapi
Besigheidsadres: Posbus 1999, Florida Hills, 1716
Geboortedatum en Ouderdom: 7 Julie 1956 (63)
Diensjare: Aangestel 26 Augustus 2016
Kwalifikasies: Gegradueerde van die Stock Market College (SA), Diploma in Beleggingsbestuur (UJ), Vaardigheidsertifikaat, gekwalifiseerde en gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer, Diploma in Maatskappyrigtinggewing, Assosiaat Finansiële Beplanner en het verskeie bestuurskursusse bygewoon.
Beroep/Posisie: Simon het meer as 28 jaar se ondervinding in die Finansiële Dienste Bedryf. Hy is die stigter van SM Mohapi Financial Services (Edms) Beperk, handeldrywend as die Mohapi Groep, en verskaf finansiële advies en beleggersdienste. Hy dien op verskeie direksies en was ook 'n raadslid van die Noordwes Universiteit (NWU) (2008-2014). Hy het ook op die

Beleggings- en Bate- en Lastekomitee van die NWU gedien. Hy het 'n passie vir opleiding van verbruikers binne die finansiële dienstesektor. Hy is 'n lid van die Senwes Oudit- en Sosiale en Etiese Komitees van Senwes.

Kontakbesonderhede:

Sel nr: 083 443 6052

e-pos: simon@mohapigroup.co.za

F (Francois) STRYDOM (GROEP HOOF UITVOERENDE BEAMPTE))

Volle name en Van: Francois Strydom

Besigheidsadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570

Geboortedatum en Ouderdom: 21 April 1960 (59)

Diensjare: Sedert 6 Augustus 2010

Kwalifikasies: B.Sc. Agric (Hons) (Veekunde)

Beroep/Posisie: Francois beklee hierdie posisie vir die afgelope nege jaar. Hy het 27 jaar se korporatiewe besigheidsheidsondervinding voor hy in die pos aangestel is. Sy hoof verantwoordelikhede is om besigheidsprestasie te verseker, sowel as groei en finansiële lewensvatbaarheid. Sy take behels ook korporatiewe beheer en die korporatiewe kultuur van die maatskappy, sowel as die instandhouding van verhoudings met belanghebbendes en die ontwikkeling en definiering van die oorhoofse strategie van die groep.

Kontakbesonderhede:

Sel nr: 083 274 2862

e-pos: francois.strydom@senwes.co.za

TF (Tom) VAN ROOYEN

Volle name en Van: Thomas Frederik van Rooyen

Besigheidsadres: Rietkuil, Posbus 1647, Potchefstroom, 2520

Geboortedatum en Ouderdom: 19 September 1965 (53)

Diensjare: Direkteur sedert 29 November 2013

Kwalifikasies: BSc (Agric), Hons. in Landbou-Ekonomie

Beroep/Posisie: Tom het uitgebreide boerderybedrywighede op verskeie plase in die Potchefstroom/Ventersdorp gebied vir die afgelope 22 jaar. Hy het ook sy belange uitgebrei na kommersiële en residensiële eiendom en het 'n groot vee-komponent in sy boerderybedrywighede (Bonsmara en Boran stoete). Tom was 'n finalis in die Graanprodusent van die Jaar-kompetisie in 2010. Hy is 'n lid van Graan SA, Agri Potchefstroom en Noordwes. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en 'n lid van die Senwes Risiko- en Sosiale en Etiese Komitees.

Kontakbesonderhede:

Sel nr: 082 586 0444

e-pos: katbos@lantic.net

WH (Thabo) VAN ZYL

Volle name en Van: Wilhelmus Hendrikus van Zyl

Besigheidsadres: Visagieskuil, Posbus 166, Wesselsbron, 9680

Geboortedatum en Ouderdom: 12 Desember 1974 (44)

Diensjare:	Direkteur sedert Augustus 2012
Kwalifikasies:	B.Sc Agric (Landbou-Ekonomie)
Beroep/Posisie:	Thabo het in 1992 by Sandveld Hoërskool in Wesselsbron gematrikuleer, waar hy sy skoolloopbaan as onderhoofseun afgesluit het. Hy het 'n B.Sc Agric graad in Landbou-Ekonomie verwerf aan die Universiteit van Pretoria in 1997. Thabo dien op die raad van Thuso Milling en is betrokke by voerproduksie. Hy is 'n mentor van die Thobo Trust projek by Senwes se Losdoorns Silo. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en voorsitter van die Senwes Risikokomitee.
Kontakbesonderhede:	Sel nr: 083 468 2388 e-pos: wvz@global.co.za

AG (Andrew) WALLER

Volle name en Van:	Andrew Geard Waller
Besigheidsadres:	Posbus 1, Durban, 4000
Geboortedatum en Ouderdom:	30 Mei 1962 (57)
Diensjare:	Direkteur sedert Desember 2014
Kwalifikasies:	B. Com (Hons) (Rek), GR (SA)
Beroep/Posisie:	Mnr Waller is die Finansiële Direkteur van Grindrod sedert Maart 2011 en is aangestel as Besturende Direkteur in 2018. Hy was voorheen 'n vennoot van Deloitte vir 15 jaar, waartydens hy verantwoordelik was vir 'n aantal Suid-Afrikaans genoteerde maatskappye. Hy is 'n lid van die Beleggingskomitee.
Kontakbesonderhede:	Sel nr: 082 573 3680 e-pos: andrew@grindrod.co.za

2.2 Naam en adres van ouditeure **[Regulasie 58(2)(b)]**

Die besonderhede van die Maatskappy se Onafhanklike Eksterne Ouditeure is uiteengesit in die afdeling "*Korporatiewe Inligting*" op bladsy 2 van hierdie Prospektus. Die toestemmingsbrief van die ouditeure van die Maatskappy, soos vereis in artikel 102(2) van die Maatskappywet, is hierby aangeheg as Bylae 1.

2.3 Naam en adres van prokureurs **[Regulasie 58(2)(b)]**

Die besonderhede van die maatskappy se prokureurs is uiteengesit in die afdeling "*Korporatiewe Inligting*" op bladsy 2 van hierdie Prospektus. Die toestemmingsbrief van die prokureurs van die Maatskappy, soos vereis in artikel 102(2) van die Maatskappywet, is hierby aangeheg as Bylae 1.

2.4 Naam en adres van die Maatskappysekretaris **[Regulasie 58(2)(b)]**

Die besonderhede van die maatskappy se prokureurs is uiteengesit in die afdeling "*Korporatiewe Inligting*" op bladsy 2 van hierdie Prospektus. Die toestemmingsbrief van die prokureurs van die Maatskappy, soos vereis in artikel 102(2) van die Maatskappywet, is hierby aangeheg as Bylae 1. Die professionele kwalifikasies van die Sekretaris is as volg: B.Com (Regte) LLB, FCIS, Toegelate Prokureur en Notaris.

2.5 Ampstermyn van direkteure **[Regulasie 58(3)(a)]**

- 2.5.1 Soos uiteengesit in paragraaf 2.1 hierbo, word direksielede wat Senwesbel verteenwoordig, outomaties genomineer as direkteure op die Senwes direksie vir verkiesing deur die aandeelhouders. Grindrod mag een direkteur op die direksie van Senwes nomineer, onderhewig aan die

bepalings van die Wet en die Senwes AVO. Senwesbel direkteure word deur die Senwesbel Aandeelhouders genomineer en verkies.

2.5.2 Die Direksie het 'n rotasieprogram in 2012 aanvaar, in terme waarvan direksielede op 'n jaarlikse basis moet uittree by wyse van rotasie. Uittredende direkteure is herkiesbaar. Ampstermyne van direkteure mag nie 3 (drie) jaar oorskry nie.

2.5.3 Uitvoerende direkteure word op 'n hernubare vastetermynkontrak aangestel vir 'n periode van 3 jaar. Die kontrak is hernubaar per ooreenkoms, met effek vanaf die kansellasie van die terme en voorwaardes soos deur die betrokke partye ooreengekom.

Kapasiteit	Kontrak
Groep Hoof Uitvoerende Beampte	'n vaste termyn kontrak wat op 31/07/2022 verval.
Hoof Finansiële Beampte	'n vaste termyn kontrak wat op 31/01/2020 verval.

2.5.4 Minstens 6 (ses) raadsvergaderings word per jaar gehou, sowel as sodanige ander raadsvergaderings soos nodig geag deur die direkteure. Die meerderheid direkteure teenwoordig en wat stem by die vergaderings, vorm 'n kworum.

2.5.5 Besluite wat deur die direksie geneem word, word met 'n meerderheid stemme aanvaar, sonder die beslissende stem van die voorsitter.

2.6 Vergoeding van Direkteure [Regulasie 58(3)(b)]

2.6.1 Ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet, word direkteursvergoeding goedgekeur deur die Senwes aandeelhouders by die algemene jaarvergadering van Senwes.

2.6.2 Die vergoeding betaal aan die direkteure vir die jaar geëindig 30 April 2018, word hieronder uiteengesit:

	VERGOEDING	REIS- EN VERBLYFKOSTE	VERGOEDING TOTAAL
	R	R	R
SF Booysen	843 413	14 377	857 790
JBH Botha	490 497	6 355	496 852
AJ Kruger	502 628	15 498	518 126
NDP Liebenberg	620 789	9 603	630 392
JDM Minnaar	1 305 889	61941	1 367 830
JJ Minnaar	443 523	20 546	464 069
SM Mohapi	446 538	12 549	459 087
TF van Rooyen	407 679	9 109	416 788
WH van Zyl	511 543	14 070	525 613
AG Waller	326 769	-	326 769
TOTAL	5 899 268	164 048	6 063 316

2.6.3 Die kolom hieronder reflekteer die vergoeding betaalbaar aan direkteure vir die huidige finansiële jaar en is aan die Aandeelhouders voorgelê word vir goedkeuring by die vorige algemene jaarvergadering van Senwes:

KATEGORIE	VOORGESTELDE VERGOEDING 2018/2019 R
Voorsitter (per jaar)	711 239
Ondervoorsitter (per jaar)	419 766
Direkteure (per jaar)	290 811
Spesiale projekte (per dag)	-

Voorsitter	
Ouditkomitee	227 226
Vergoedingskomitee	165 060
Risikokomitee	165 060
Ander direksiekomitees	112 136
Lede van komitees	
Lede van die Ouditkomitee	122 639
Lede van die Vergoedingskomitee	84 187
Risikokomitee	84 187
Ander direksiekomitees	57 691
Reiskoste (huidige AA-tarief, gebaseer op 'n voertuig met aankoopprys van R500 000 met 'n enjinkapasiteit van 2501cc tot 3000cc en 45 000km of meer gereis per jaar)	
Reis- en verblyfoste	Werklike koste

2.6.4 Direkteure se reis- en billike verblyfoste word ook betaal, soos bepaal deur die Senwes Aandeelhouders, soos aangegaan in die uitvoering van hul pligte en bywoning van raadsvergaderings.

2.7 Leningsmagte van Direkteure [Regulasie 58(3)(c)]

2.7.1 Direkteure mag nie werklike of voorwaardelike aanspreeklikhede aangaan in die vorm van enige skuld nie, met uitsondering soos toegelaat in die Akte van Oprigting en die magte toegeken deur die Senwes Aandeelhouders in terme van artikel 44 of artikel 45 van die Maatskappywet. Senwes se leningsmagte is nie gewysig of oorskry oor die afgelope 3 (drie) jaar nie.

2.7.2 Ingevolge artikel 31 van die AVO, kan Direkteure van tyd tot tyd:

2.7.2.1 leen vir Maatskappy doeleindes sulke bedrae as wat hulle goeddink; en

2.7.2.2 die betaling of terugbetaling van enige sodanige bedrae, of enige ander som, na goeddunke, verseker deur die skepping en uitreiking van Sekuriteite, verband of heffing op al of enige van die eiendom of bates van die Maatskappy.

2.7.3. Die Direkteure bekom die totale hoofbedrag op enige oomblik uitstaande ten opsigte van gelde wat aldus geleen of ingesamel is deur –

2.7.3.1 die Maatskappy; en

2.7.3.2 al die filiale van die Maatskappy (uitgesluit gelde wat deur enige van sodanige maatskappye geleen of ingesamel is van enige ander sodanige maatskappye, maar insluitende die hoofbedrag verseker deur enige uitstaande waarborge of borgskappe wat deur die Maatskappy of enige van sy filiale verskuldig van enige ander maatskappy of maatskappye hoegenaamd nie reeds ingesluit in die totale bedrag van die gelde wat aldus geleen of ingesamel is nie),

2.7.3.3 sal nie die totale bedrag oorskry op daardie tydstip soos deur die Raad gemagtig om deur die Maatskappy of die filiale vir die Maatskappy se tyd geleen of verseker te word nie (na gelang van die geval).

2.8 Besigheid bedryf deur derde partye [Regulasie 58(3)(d)]

Die besigheid van Senwes of enige gedeelte daarvan word nie bestuur en daar word nie voorgestel dat dit bestuur word deur 'n derde party onder kontrak of andersins nie.

3 GESKIEDENIS, STATUS EN VOORUITSIGTE VAN SENWESBEL EN SENWES [REGULASIE 59]

3.1 Besigheid [Regulasie 59(2)(b)]

3.1.1 Senwesbel is 'n beleggingshouermaatskappy en al sy bates bestaan uit die aandele wat dit in Senwes hou. Senwesbel bedryf nie enige besigheid nie.

- 3.1.2 Senwes se hoofbesigheid is die verskaffing van insette en marktoegang aan die kommersiële landbousektor. Die produkte en dienste hou hoofsaaklik verband met graankommoditeite, soos wit- en geelmielies, sonneblom, sojabone en koring. Addisionele produkte en dienste word ook verskaf ten einde kommersiële produsente op alle gebiede wat verband hou met hul boerdery-aktiwiteite, te ondersteun in veral die Noordwes, Vrystaat, Mpumalanga en gedeeltes van Gauteng. Hierdie produkte en dienste spesialiseer op spesifiek die volgende gebiede:
- 3.1.2.1 Geïntegreerde groothandels- en kleinhandeverskaffersketting (sowel as direkte verskaffing van bulk-insette);
- 3.1.2.2 Senwes Credit (verskaffing van produksiekrediet, maandrekeninge, huurkooptransaksies en termynlenings);
- 3.1.2.3 Senwes Grainlink (verkryging van graankommoditeite, hantering en massa-opberging);
- 3.1.2.4 Senwes Equipment (verskaffing van kapitaalgoedere soos John Deere produkte, planters, pasgemaakte landboutoerusting en presisieboerderyoplossings, ens.;
- 3.1.2.5 Versekeringsmakelary;
- 3.1.2.6 Logistiek;
- 3.1.2.7 Plaaslike en internasionale graanverhandeling; en
- 3.1.2.8 Korporatiewe dienste.
- 3.1.3 Senwes het 'n tien-jaar rollende strategie aanvaar en was suksesvol met die uitbreiding en groei van sy besigheid met kritiese gesamentlike ondernemings en vennootskappe in al hierdie besigheidsareas. Volledige besonderhede in dié verband is vervat in die Senwes Geïntegreerde Verslag vir 2018, beskikbaar by www.senwes.co.za.
- 3.2 **Geskiedenis [Regulasie 59(3)(a)]**
- 3.2.1 Senwesbel is gestig as publieke maatskappy as deel van die Reëlinskema met lede van die voormalige Sentraalwes Koöperatief Beperk, toe die besigheid van 'n koöperasie na 'n publieke maatskappy, Senwes Beperk, omskep is. Die doelwit was dat Senwesbel altyd 'n aandeelhouing van minstens 50,1% (later verlaag na 35,1%) in Senwes sou hê. Senwesbel bestaan al vir 23 (drie en twintig) jaar alhoewel, soos hierbo genoem, Senwes nie besigheid bedryf nie. Senwes, die primêre filiaal van Senwesbel, is as 'n publieke maatskappy geïnkorporeer op 10 April 1997 en is omskep van 'n primêre landboukoöperasie as sulks. Die koöperasie is in 1909 gestig en het vir 88 jaar bestaan voor die omskepping. Senwes, as publieke maatskappy, bestaan al 22 (twee en twintig) jaar en vier dus sy 110de bestaansjaar in 2019.
- 3.2.2 Slegs *bona fide* produsente (boere) kwalifiseer om aandeelhouers in Senwesbel te word. Die beheer van die Senwes Groep word derhalwe beskerm in hierdie beheerstruktuur, soos bepaal in die Akte van Oprigting, en dit kan slegs by wyse van 'n spesiale besluit deur die aandeelhouers van Senwesbel verander word.
- 3.2.3 Strategies wil Senwes dus 'n platform skep vir soortgelyke landboubeleggings ten einde bedryfsbesigheid, kritiese massa en risiko- en kommoditeitsdiversifikasie te bevorder. Dit sal as 'n volhoubare landboubesigheidsbasis dien waardeur waarde geskep kan word vir hoofsaaklik die produsente-aandeelhouers van Senwesbel. Hierdie aksies help Senwes met die voortgesette bedryf van volhoubare besigheid tot voordeel van die landbousektor.
- 3.2.4 Gedurende September 2013, het Grindrod Trading Holdings (Eiendoms) Beperk ("**Grindrod**"), 'n logistieke maatskappy, 20% (twintig persent) van die uitgereikte aandeelkapitaal van Senwes vanaf, *inter alia*, die vorige bemagtigingsaandeelhouers van Senwesbel gekoop. Senwes en Grindrod besit nou saam ongeveer 73% van die aandele in Senwes.
- 3.2.5 Senwes se strategiese doelwit is om verskeie beleggings in die landbousektor te ondersoek en om met Grindrod saam te werk om 'n aantal moontlikhede met betrekking tot gedeelde sinergieë te ondersoek en om die groei van die bedryfsmaatskappy en uitbreiding in die onderskeie waardekettings te bevorder.

3.3 Wesenlike veranderinge in die besigheid oor die afgelope 3 jaar [Regulasie 59(3)(b)]

Daar was geen wesenlike veranderinge in die besigheid van Senwes oor die afgelope drie jaar nie.

3.4 Vooruitsigte [Regulasie 59(3)(c)]

- 3.4.1 Strategiese fokus: die strategie is gefokus op groei en diversifikasie deur konsolidasie en integrasie binne die landbou- en voedselwaardeketting.
- 3.4.2 Gelei deur Senwes se doelstelling, missie, strategiese doelwitte, fokus en evolusie, is sy strategiese fokusareas gebaseer op ses pilare, naamlik: Diversifikasie, horisontale integrasie en konsolidasie, interne integrasie van die klant, herorganisasie van die besigheidsmodelle, verhoogde belegging in effektiwiteit en eksternalisering en ontsluiting van waarde en sinergieë. Hierdie fokusareas word in meer besonderhede bespreek in die strategiese aksieplan vir elkeen en vordering daarmee word gerapporteer in die Senwes Jaarverslag 2018 op bladsy 46 op www.senwes.co.za
- 3.4.3 Strategiese doelwit: om volhoubare waarde vir alle belanghebbendes te skep en om 'n voorkeur-beleggersvennoot, werknemer, verskaffer en distribusiekanaal, sowel as 'n goeie korporatiewe burger te wees.
- 3.4.4 Strategiese evolusie: Senwes se strategie het oor tyd ontwikkel tot die mate waartoe die maatskappy op sy huidige markte, nuwe inisiatiewe binne hierdie markte en ook in 'n breër sin, op nuwe inisiatiewe in nuwe markte fokus.
- 3.4.5 Die verkorte Jaarverslag 2018 vir Senwes is beskikbaar by www.senwes.co.za.
- 3.4.6 Belangrike risiko's vir die besigheid:
- Politieke onsekerheid;
 - grondonteiening;
 - geldeenheid;
 - krediet, likiditeit en mark;
 - weer en klimaat;
 - markgrootte en markaandeel;
 - kommoditeitspryse;
 - tempo van verandering en aanpasbaarheid van klante;
 - diversifikasie en landboubedryf;
 - unieke mededinger;
 - regulasies en nakoming;
 - verstedeliking, skaarsheid en retensie van vaardighede;
 - stelsels;
 - diefstal en bedrog; en
 - omgewing en gesondheid en veiligheid.
- 3.4.7 Senwes strewende na die volgehoue daarstel van gesamentlike ondernemings en konsolidasie met spesifieke vennote en hoop om hierdie proses te versnel in 2019/2020.
- 3.4.8 Gegewe die hoofrisiko's soos hierbo gelys, is vooruitsigte vir die toekoms uitdagend in die huidige makro-landbouomgewing sover dit geopolitieke/ekonomiese aspekte aanbetref. Indien kommoditeitspryse laag sou bly, sal dit verdere druk op die spanderingsvermoë van die klant plaas. Die hoë oordragvoorradvlakke aan die begin van die seisoen sal egter ook geleenthede bring en momentum aan die 2019/2020 seisoene verleen.

3.5 Status [Regulasie 59(3)(d)]

Ongeag 'n aantal faktore, waarvan die mees belangrike die 3 (drie) opvolgende droogtes is, het Senwes die belange van sy aandeelhouders oorweeg en sy kapitaal beskerm, maar terselfdertyd 'n toepaslike opbrengs gelever op die belegging, in lyn met die opbrengstendens wat oor tyd gevestig is. Die groep het goed herstel van die droogte siklus en genormaliseerde wesensverdienste het met 79% gestyg van R183 miljoen in 2017 tot R327 miljoen in 2018. Opbrengs op openingsekwiteit het 15,7% beloop en het nie net die vorige jaar se opbrengs van 8,9% oorskry nie, maar ook die 5-jaar gemiddelde opbrengs van 12,8%.

3.6 Onroerende eiendom [Regulasie 59(3)(e)]

Die besonderhede van die belangrikste onroerende bates van Senwes en die drawaarde daarvan soos op 30 April 2018, word in die tabel hieronder gereflekteer:

BESKRYWING	R'm
Grond	33
Silo's	42*
Geboue en verbeteringe	178
TOTAAL	253

(*Silo's dien as sekuriteit vir termynlenings by kommersiële banke.)

Die grond en eiendomme word beskryf in die Senwes bateregister, wat beskikbaar is vir insae, aangesien die bates te veel is om in die Prospektus te lys. Die bates is hoofsaaklik operasionele persele wat deur Senwes Grainlink gebruik word vir die ontvangs en stoor van graan en deur Senwes Equipment as werksinkels gebruik word in die Maatskappy se bedieningsgebied soos meer volledig omskryf in Afdeling A van die Omsendbrief.

Senwes huur die Senwes Hoofkantoor in Klerksdorp van 'n filiaal, Senwes Capital (Edms) Beperk en die huur beloop R18m per jaar (jaarliks aangepas met VPI), totdat die huurkontrak gekanselleer word.

3.7 Verpligting met betrekking tot konstruksie of koop van gebou [Regulasie 59(3)(f)]

GESKATTE KAPITAALVERPLIGTING:	R'm
Reeds gekontrakteer	37
Gemagtig deur die direksie maar nog nie gekontrakteer nie	149

3.8 Finansiële inligting [Regulasie 59(3)(g)]

3.8.1 Die gekonsolideerde finansiële besonderhede vir die Groep vir die finansiële jare eindigend op 30 April 2016, 30 April 2017 en 30 April 2018 ten opsigte van die volgende -

- 3.8.1.1 omset;
- 3.8.1.2 wins en verlies voor en na belasting;
- 3.8.1.3 dividende betaal;
- 3.8.1.4 die bedrag aan dividende betaal in sent per aandeel; en
- 3.8.1.5 dividenddekking vir elke jaar,

word uiteengesit in die ongeouditeerde uittreksels uit die finansiële inligting in Bylae 3.

3.9 Korporatiewe beheer, strukture en praktyke [Regulasie 54(1)(b)(i); 54(1)(b)(ii)]

3.9.1 Senwes, sy Direksie en sy verwante partye bedryf besigheid volgens die hoogste standarde van korporatiewe beheer en in die belang van alle belanghebbendes. Aangesien die maatskappy vir 'n aantal jare reeds voorberei het vir notering en reeds op 'n gelisensieerde beurs genoteer is, naamlik ZAR X, in Februarie 2017, is die groep se beste praktyke soos vervat in sy handves, beleide en bedryfsprosedures, op gevorderde vlakke.

- 3.9.2 Die groep ondersteun die beste praktyk van etiese optrede, verhoogde deursigtigheid en integrasie in terme van rapportering en volhoubare ontwikkeling van die landelike gebiede waarin die maatskappy besigheid bedryf. 'n Afsonderlike webgebaseerde Volhoubaarheidsverslag is beskikbaar op Senwes se webtuiste wat hierdie aspekte in meer besonderhede verduidelik.
- 3.9.3 Die beginsels van King IV™ praktyke en aanbevelings is sover as prakties moontlik aanvaar. Die maatskappy pas egter nie alle aanbevelings van King IV™ toe nie, gegewe die huidige aandeelhouerstruktuur:
- ▀ Die nie-uitvoerende voorsitter van die Direksie is nie 'n onafhanklike Direkteur nie, maar word ondersteun deur 'n verkose en ervare onafhanklike nie-uitvoerende ondervoorsitter, wat ook aangewys is as leidende onafhanklike direkteur;
 - ▀ Die Direksie bestaan nie uit 'n meerderheid onafhanklike direkteure nie;
